NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

11 April 2021

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Paastyd 1. Handelinge 4 : 32-35.** *Opstanding … opstandig!*
2. **Jeuggroepe:** Kleuterkerk (Gr R – 2) in die koffiekroeg; Gr 3-6 (Kamer 1), Gr 7 -10 (Kamer 2).
3. **Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.

WERD OM TE WEET

1. **Program vir die volgende weke**

18 April	Paastyd 2
25 April	Paastyd 3. Langnaweek
2 Mei	Paastyd 4

2. **Woensdag-Bybelstudie** op **14 April – 09:30.** Ons lees en dink oor **Handelinge 4 : 32-35.**

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Di Hart** (083 226 5486), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Johan Kemp** (072 085 1222), **Lenie Benecke** (011 888 3187) en **Martie Slabbert** (071 925 2152).
2. **Hospitalisasie, operasies en siekes: Estelle Kruger** (084 444 4147) herstel tuis na beroerte en rehabilitasie. **Christine Loots** (083 654 7678) herstel tuis na behandeling. **Joan Verhoog** (082 487 9496) het met chemoterapie begin. **Piet Homan** (072 132 9440) ontvang deurlopend behandeling. **Marie Kruger** (079 308 5281) herstel tuis na 'n been-operasie.
3. **Simpatie: Linda McQueen** (083 696 7649) en haar familie met die afsterwe van haar broer, *Jan.*

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

11/04 Marie Karsten, Ruan Oosthuizen, Bettie Wentzel
13/04 Annette Homan, Jaco van der Merwe
14/04 Josh Naude, Lana Naude, Jo-Lene van der Walt
15/04 Natalie Griesel, Ilse Grobler
17/04 Charl Marais, Betsie van den Berg

STEUNDIENSTE SOEK MENSE …

Diensgroep Steundienste werk met **fondse, eiendomme en personeel**. Elkeen van hierdie afdelings het tans behoefte aan kundige lidmate wat betrokke wil raak om te verseker dat die Diensgroep effektief aan al die sake kan aandag gee. Lidmate met **finansiële kundigheid** en **personeelsake** of **belangstelling in eiendom** kan 'n groot verskil maak.

Kontak asseblief vir Nic Lotter (082 321 2809) onverwyld vir meer inligting.

ONS HUWELIK MAAK SAAK

Wat is ons droom vir ons huwelik? Dat dit net sal hou of dat dit 'n wonderlike ervaring sal wees? Doen net wat julle nodig het om te doen om kop bo water te hou, en julle sal in 'n voortdurende toestand van vrees, benoudheid en noue ontkominge leef. Of werk julle elke dag aan jul huwelik, sal julle gerus kan wees wanneer die druk tye kom, sonder om voortdurend te moet wonder of julle huwelik gaan deurskuur. *Só maak jy jou huwelik nie net goed nie, maar merkwaardig:*

1. **Kom ooreen om soms te verskil**. Natuurlik wil jy graag hê dat julle nooit moet *baklei* nie … ongelukkig is dit nie moontlik nie. Hoe gouer julle sal aanvaar dat dit normaal is om soms van mekaar te verskil, hoe beter vir albei partye én jul huwelik.
2. **Berus by die wete dat jy nie jou maat kan verander nie.** Elke paar streef na verbetering en ons wil ons maat só sal skaaf om te wees wat onsself is. Maak egter seker dat jy trou met die persoon wat jy nou ken en nie een wie jy hoop om eendag te ken nie.
3. **Werk daaraan om 'n uitstekende luisteraar te word.** Bitter min van ons is daar waar ons na ons maats luister om régtig te hoor en te verstaan (en nie om ons antwoord te formuleer nie).
4. **Begin altyd jou sinne met "Ek voel" in plaas van "Jy".** Fokus waarlik op jou gevoelens. Moenie sê: "Ek voel jy maak my seer" nie, maar "*Ek voel seergemaak, want* … "
5. **Besef dat julle nie opponente is nie, maar spanmaats.** Solank elkeen wil reg wees en wen sal jul huwelik altyd in die slag bly.
6. **Weeg jou woorde altyd weer en weer.** Woorde is baie gevaarlike wapens! As jy praat voor jy dink, stap eerder weg van die gesprek af voor jy iets sê wat soveel skade aanrig …
7. **Maak doelbewus kontak.** Oogkontak, aanraking, en romantiese gebare moet 'n doelbewuste aksie word – moenie op spontaniteit staat maak nie.
8. **Koel af as dit nodig is.** As julle voel dat jul bloed kook, stap eerder weg van die situasie af en gee julself 'n halfuur om af te koel …
9. **Byt op jou tong voor jy kritiseer**. Ons doen dit almal⋯ en ons doen dit almal voor ons dink. Dit rig groot skade aan die vertrouensband wat tussen julle heers. Heroorweeg wat jy wil sê …
10. **Praat elke dag met jou maat.** Wanneer ons sê "*praat*", verwys ons nie gesins-geselsies nie, maar van gesprekke wat eksklusief tussen jou en jou maat geskied. Nét met mekaar.
11. **Moenie probleme laat prut nie.** Jy is nie lus om iets wat pla na die oppervlak te bring nie, en jy sien nie kans vir die uitgerekte argument wat jy wéét gaan volg op jou opmerking nie. Hanteer probleme eerder voor dit krisisse word!

Hou by dié wenke en jy sal 'n merkwaardige verskil in jou huwelik sien wat jou huwelik sal laat uitstyg bo die res! Met erkenning aan Intiem.co.za

April 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
				1	2 Goeie Vrydag	3
4 Paasfees	5 Gesinsdag	6	7	8	9	10
11 Paastyd 1 Omgeegroepe	12	13	14	15	16	17
18 Paastyd 2	19	20	21	22	23 Skole sluit	24
25 Paastyd 3	26 Vakansiedag	27 Vryheidsdag	28	29	30	

Mei 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
						1 Werkersdag
2 Paastyd 4	3 Skole begin	4	5	6	7	8
9 Paastyd 5 Omgeegroepe	10	11	12	13	14	15
16 Paastyd 6 Kerkraad 18:00	17	18	19	20 Hemelvaart	21	22
23 Paastyd 7 Wintersorg 1 Omgeegroepe	24	25	26	27	28	29
30 Pinksterfees Nagmaal 9:00 Wintersorg 2	31					

Junie 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1	2	3	4	5
6 Wintersorg 3 Omgeegroepe	7	8	9	10	11 Kuier en Proe	12
13 Wintersorg 4	14	15	16 Jeugdag	17	18	19
20 Wintersorg 5 Omgeegroepe	21	22	23	24	25	26
27 Wintersorg 6	28	29	30			

SNUFFLEGIDS

1. **Te Huur:** 1 Slaapkamer woonstel naby Afrikaanse skole en waterfront. R5 750 plus elektrisiteit pm. Deposito verlang. Kontak Johan - 082 653 8370.
2. **Tuisversorger beskikbaar:** Ondervinding in versorging van Dementia, Parkinson's, Diabetes 2, Rehabilitasie na beroerte. Skakel Charlotte Clements - 060 703 7409.
3. **Voorbereide etes:** Weeklikse spyskaart (middag- of aandetes @ R60) Bestel vorige dag teen 09:00. Afhaal volgende middag. Kontak Janine (082 551 3755) vir spyskaart en besonderhede.
4. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
5. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
6. **Te Huur:** Marlothpark vakansiehuis te huur. Grens aan Kruger Park. Inez Steyn - 082 684 4339.
7. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
8. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
9. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
10. **Te huur:** 1 Slaapkamer woonstel te huur in Robindale. Wi-fi, water en ligte ingesluit. Kontak Willie van den Bergh - 083 296 6276 - vir navrae.
11. **Te Huur:** Slaapkamer met en-suite badkamer en *kitchenette* te huur oorkant Laerskool Unika. Wi-fi. Water en ligte ingesluit. R3 500 pm. Kontak Francois Marais (083 455 1111) vir navrae.
12. **Te Huur**: Ruim Loft Tuinwoonstel @ R7 650 per maand vanaf 1-3-2021. Luuks gemeubileer, privaat ingang met onderdak parkering, stil, sentraal, veilig, swembad, elektriese omheining, kragopwekker en alarm. 5G internet, water, asook weeklikse skoonmaak ingesluit. Uitstekende waarde - ideaal vir enkel werkende persoon. Kontak 082 920 6163.
15. **Foto's wat praat.** Lê enige feestelikheid soos troue, doop en ander herinnerings vas met besondere foto's. Christa Richter – 083 274 4979.
16. **Lyn dans (Line dancing):** Kom deel in heerlike pret op 'n Dinsdagaand 18h30 – 19h30 in die kerksaal. R50 per aand. Skakel Cyril (074 112 8017) vir verdere navrae.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.